



GEDRAGSKODE VIR LEERDERS - **HOËRSKOOLOO HARTBEEPOORT**

HERSIEN NOV. 2018

INHOUDSOPGAWE

Deel 1: Ettiëkode.....	4
Deel 2: Gedragskode en –reëls	5
1. Inleiding	5
2. Doel	5
3. Gedragskode	5
3.1 Algemene reëls	5
3.2 Klasreëls	7
3.3 Skooldrag en voorkoms.....	8
3.4 Sport en buitemuurse aktiwiteite	11
3.5 Skoolleidendom en terrein	12
3.6 Leiers : Die Diensraad (DR) en Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL).....	13
3.7 Skoolkennisgewings.....	13
3.8 Skoolwerk en huiswerk	13
3.9 Toetse en eksamens.....	14
3.10 Motorvoertuie en motorfietse.....	14
3.11 Stiptelikheid.....	14
3.12 Afwesighede.....	15
3.13 Omgewing.....	15
4. Vrystelling van bepalings van die gedragskode.....	16
Deel 3: Prosedure vir dissiplinêre optrede teen leerders	17
1. Dissiplinêre optrede.....	17
1.1 Minder ernstige oortredings.....	17
1.1.1 Kategorie A-wangedrag	17
1.1.2 Kategorie B-wangedrag	17
1.2 Ernstige oortredings.....	18
1.2.1 Kategorie C-wangedrag	18
1.2.2 Tabel met Sanksie Voorskrifte	19
2. Voorkomende skorsing /skoolontsegging	19
3. Dissiplinêre verhoor / intervensie.....	19
3.1 Interne intervensie	19
3.2 Eksterne verhoor	19
3.2.1 Voorlopige ondersoek	19
3.2.2 Verhoor.....	20
3.2.3 Uitspraak en strafmaatreël	21
4. Appelprosedure	22
4.1 Appel prosedure – onmiddellike optrede	22
4.2 Appelprosedure - Verhoor	22
4.3 Appelprosedure – Aanbeveling vir skorsing.....	23
5. Algemene Bepalings.....	23

Deel 4 Voorbeelde / Aanhangsels	24
Aanhangsel 1 - Dissiplinêre stelsel en kode: Prosedures vir aanmelding en onmiddelijke optrede	24
Appél prosedure – onmiddelijke optrede	25
Aanhangsel 2 – Dissiplinêre Rook Oortreding	26
Aanhangsel 3 – Appél vorm.....	27
Aanhangsel 4 – Aanmelding - skulderkenning.....	28
Aanhangsel 5 - Kennisgewing van dissiplinêre verhoor van 'n leerder	29
Aanhangsel 6 - DISSIPLINÊRE VERHOOR – INLEIDENDE VRAE.....	30
Aanhangsel 7 – Dissiplinêre verhoor – Verslag	32
Aanhangsel 8 – Kennisgewing van die uitslag van die dissiplinêre verhoor van 'n leerder.....	35
Aanhangsel 9 – Pleitooreenkoms tussen die beheerliggaam van (skool) en (leerder)	36
Deel 5: Koshuisreëls.....	38

Deel 1: Ettiëkkode

Hartbeespoort

Hoërskool

Privaatsak X351
HARTBEESPOORT
0216

Tel: (012) 253/1017-8
Faks: 086 681 8578
Epos: admin@hsharties.co.za



High School

Private Bag X351
HARTBEESPOORT
0216

Tel: (012) 253/1017-8
Fax: 086 681 8578
Email: admin@hsharties.co.za

Etiëkkode

Ek, _____ (naam van leerder) verbind my plegtig tot die handves van menseregte soos vervat in die Konstitusie van die Republiek van Suid-Afrika, en ek onderneem om die reg en die regstelsel te respekteer, te onderhou en te bevorder.

Ek erken hiermee ontvangs van die gedragskode van Hoërskool Hartbeespoort en verbind my daartoe om:

- hierdie gedragskode en al die reëls en regulasies van Hoërskool Hartbeespoort getrou na te kom;
- hoë morele waardes en etiese standaarde te handhaaf;
- daarna te streef dat my optrede altyd verantwoordelik en ter bevordering van die skool se goeie naam sal wees;
- my skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding te doen; en
- die nodige hoflikheid en respek teenoor alle personeel, medeleerders en besoekers te betoon.

Ek onderneem hiermee om my aan die Gedragskode en dissiplinêre maatreëls van Hoërskool Hartbeespoort te onderwerp (sowel as die dissiplinêre maatreëls wat van tyd tot tyd gewysig mag word).

Ek erken en aanvaar dat die Skoolhoof en Beheerliggaam, volgens hul uitsluitlike redelike diskresie (met alle omstandighede in ag geneem) 'n summiere ontslag van die Skool kan aanbeveel sou ek enige van die volgende, uiters ernstige gedragsreëls oortree:

- Die besit of gebruik van enige verdowing en/of afhanklikheidsvormende middels op die skoolterrein, insluitende alkohol en sigarette of enige ander vorm van rookmiddels;
- Enige ernstige kriminele oortreding begaan, intimidasie (insluitend "kuber" intimidasie), en/of geweld teenoor ander leerders of onderwysers openbaar;
- In besit gevind word van pornografiese of satanistiese material op die skoolterrein of elders waar die beeld of goeie reputasie van die Skool in gedrang mag kom;

Ek, sowel as my ouers, stem hiermee saam dat enige regsgedinge, regs dispute of enige eise wat mag voortspruit uit of wat verband hou met my, my ouers en/of die Skool, (met die uitsondering van skoolfonds), opgelos sal word deur van eerstens n Versoenings proses gebruik te maak gevolg deur Arbitrasie, in ooreenstemming met die Bespoedigde Reëls van die Arbitrasie Stigting van Suid-Afrika, deur dat die Skool 'n arbitor of arbitors sal aanstel.

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE _____ DAG VAN _____ 20 ____

HANDTEKENING: LEERDER

HANDTEKENING: OUER/VOOG

Deel 2: Gedragskode en –reëls

1. Inleiding

Hierdie dokument is die gedragskode van Hoërskool Hartbeespoort, soos die beheerliggaam dit op 30 November 2015, goedgekeur het. Die beheerliggaam het die ouers, leerders en opvoeders van die skool oor die inhoud van die gedragskode geraadpleeg. Die gedragskode is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; Riglyne vir Gedragskode vir Leerders (Algemene Kennisgewing 776 in Staatskoerant 18900 van 15 Mei 1998); die Regulasies met betrekking tot Apparate vir Dwelmtoetsing en die Prosedure wat gevolg moet word (GK 1140 in Staatskoerant 31417 van 19 September 2008); Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (GK 1040 in Staatskoerant 22754 van Oktober 2001, soos gewysig) en toepaslike provinsiale wetgewing.

2. Doel

Hoewel die Staat verplig bly om opvoeding beskikbaar en toeganklik te maak, moet dit aangevul word met die toewyding en verbintenis van verantwoordelike rolspelers, naamlik opvoeders, leerders en ouers. Hierdie gedragskode is bedoel om sodanige toewyding en verbintenis te bevorder.

Die doel van hierdie gedragskode is om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te vestig wat toegewy is aan die bevordering en handhawing van die gehalte van die leerproses.

Ook om 'n veilige en sosiaal-aanvaarbare skoolomgewing te skep wat betref die uitleef van eties-aanvaarbare waardes, gesonde leefstyl praktyke en die fisiese -, sowel as geestelike veiligheid van ons minderjarige, sowel as ons jong-volwasse leerders, binne 'n kollektiewe struktuur.

Die gedragskode onderskryf die skool se missiestelling.

Leerders en hul ouers/voogde moet hulself van die skool se gedragskode en die bepalings daarvan vergewis. Sodra leerders by die skool/koshuis ingeskryf is, of selfs in hul skooldrag of gedeelte daarvan in die openbaar verskyn, is hulle onderworpe aan die gedragskode, en moet hulle dit stiptelik nakom. Indien leerders die gedragskode oortree of minag, sal daar ooreenkomstig die dissiplinêre prosedure vir leerders teen hulle opgetree word.

3. Gedragskode

3.1 Algemene reëls		
	'n Opvoeder van die Skool sal oor dieselfde regte as 'n ouer beskik wat betref die beheer en dissipline van die leerder volgens die gedragskode, sowel gedurende die leerder se skoolbywoning as gedurende enige skoolaktiwiteit.	
	Skuldigbevinding deur 'n hof aan 'n strafregtelike oortreding sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.	
	In geval van 'n <i>redelike vermoede</i> dat leerders hulself aan 'n oortreding van hierdie gedragskode of die landswette skuldig gemaak het / maak, het die skoolhoof of 'n opvoeder / gedelegeerde persoon, die reg om sodanige leerders	

	en/of die eiendom in hul besit (enige gevaarlike wapens, dwelms of ander skadelike en gevaarlike middels, gesteelde goedere, pornografiese materiaal stimulant of elektroniese apparaat), sonder amptelike toestemming te deursoek. Sodanige leerders se menswaardigheid sal deurentyd gerespekteer word, en dus sal die deursoeking privaat, deur persone van dieselfde geslag, en in die teenwoordigheid van nóg 'n persoon geskied. Die deursoekings-proses en -uitkoms moet opgeteken word, soos deur die wet bepaal.	
	Enige optrede wat die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die skool benadeel of potensieel kan benadeel, sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.	
3.1.1	Onetiese gedrag en die uitdra van die beeld van die skool: Leerders sal hulle te alle tye as goeie ambassadeurs van die skool en ooreenkomstig die etiekkode van die skool gedra. Terwyl leerders in die skool se drag (seuns in die neergelegte skooldrag vir seuns en dogters in die neergelegte skooldrag vir dogters), of enige gedeelte daarvan geklee is wat voldoende is om hulle in die oë van die publiek met die skool te verbind, of terwyl leerders die skool verteenwoordig, hetsy direk of indirek, hetsy as deelnemers, ondersteuners, helpers, toeskouers of andersins, sal hulle hulself van enige gedrag weerhou wat die skool, personeel of hul medeleerders in 'n slegte lig kan stel. Dus enige onaanvaarbare gedrag of voorbarige en ongemanierde optrede	-30
3.1.2	Respek: a. Personeel - In hul wisselwerking met enige personeelid, moet leerders te alle tye die nodige hoflikheid en respek betoon en hulle weerhou van optrede wat op oneerbiedigheid of opstandigheid neerkom. b. Leerders - In hul wisselwerking met mekaar, moet leerders sover moontlik selfbeheersing aan die dag lê en wedersydse respek en verdraagsaamheid betoon. In die besonder moet leerders hulle weerhou van enige gedrag wat daarop gemik is om die fisiese, geestelike en morele welstand van enige ander leerder te skend, of wat daartoe kan aanleiding gee. Enige onbehoorlike fisiese kontak tussen leerders op die skoolterrein of enige ander plek waar hulle as leerders van die skool uitgeken kan word, word streng verbied. i. Vryery en handjies vashou ii. Gebruik van skeltaal iii. Minagtende optrede iv. Bakleiery v. Boelie en viktimisering	-30 -10 -10 -120 -30 -120
3.1.3	a. Die aanneem of voorhou van: (i) Leuens b. Die aanneem of voorhou van: (i) 'n vals identiteit, (ii) verskaffing van vals inligting (iii) pleging van bedrog	-30 -120 -120 -120
3.1.4	Selfone en ongemagtigde elektroniese toestelle Word streng verbied gedurende skoolure. Oproepe mag slegs in noodgevallen en slegs met die toestemming van die skoolhoof of sy gedelegeerde, gemaak word. Selfoon sal in al die onderstaande gevallen gekonfiskeer word en in die skoolkluis gestoor word tot datum waarop ooreengekom is om die foon terug te besorg.	

	<ul style="list-style-type: none"> i. Selfoon / elektroniese toestel nie af en weggebêre nie. ii. Gebruik van selfoon / elektroniese toestel tydens skoolure. iii. Selfoon tydens toets- en eksamentye (Selfs al lui dit net) 	<p>-30 -120 -120</p>
3.1.5	<p>Rook Die rook, besit en/of gebruik van tabakmiddels en of elektroniese toestelle op die skoolterrein OF gedurende enige skoolaktiwiteit of wanneer leerders in skooldrag geklee is, word streng verbied. (<i>sien bylaag i.v.m. rook en die betrokke sanksies</i>)</p> <ul style="list-style-type: none"> i. Teenwoordig by rook of in besit van rookgoed of as jy optree as iemand wat uitkyk vir leiers of onderwysers en rokers waarsku. ii. Rook in skoolklere. 	<p>-30 -120</p>
3.1.6	<p>Oortredings wat tot skorsing en/of uitsetting kan lei, sluit in, maar is nie beperk tot die volgende nie:</p> <ul style="list-style-type: none"> a. Optrede wat ander se <u>veiligheid bedreig</u> en wat die regte van ander skend: <ul style="list-style-type: none"> i. die besit of gebruik van gevaarlike wapens of die dreigement om gevaarlike wapens te gebruik; ii. die besit, onder die invloed van en/of handel dryf in narkotiese of ongemagtigde dwelms, alkohol en bedwelmende middels van enige aard; iii. aanranding; iv. diefstal of die besit van gesteelde goedere, wat die diefstal of besit van en handeldryf in toets en/of eksamen vraestelle voor sodanige toets of eksamen insluit; v. brandstigting b. Enige vorm van haatspraak, seksisme, rassisme of ander buitengewoon skolastiese /anti-sosiale gedrag; c. Herhaalde klasontwrigting wat indruis teen die goeie orde in die klas en leerders van hul reg om onderrig te word, ontnem; d. Strafregtelike en onaanvaarbare gedrag wat verband hou met verkragting en seksuele teistering asook enige onsedelike gedrag; e. Die besit van en/of verspreiding van en/of vertoon van pornografiese materiaal; f. Herhaalde oortredings van skoolreëls in hierdie gedragskode. 	<p>-240</p>
3.2 Klasreëls		
	<ul style="list-style-type: none"> • Die klasopvoeder moet, ná oorleg met die bestuur van die skool, VRL lid, klasleerders sowel as hul ouers, klasreëls opstel aan die begin van elke skooljaar. Dit is die verantwoordelikheid van die ouer om hom/haar te vergewis van die klasreëls via oueraande of klasbesoek of terugvoere van hul kinders. Enige kopsie moet skriftelik aan die hoof / onderwyser gerig word, tydens die eerste 3 weke van skool aan die begin van elke jaar. • Die klasreëls moet skriftelik opgestel word en onmiddellik, na opstelling by die skoolhoof en die skoolbeheerliggaam ingedien word • Die klasreëls moet in duidelik leesbare skrif op 'n prominente plek in die klaskamer aangebring word; en • Die klasreëls moet aan alle leerders beskikbaar gestel word vir kennisname. • Enige oortreding van die klasreëls sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode en skoolreëls beskou word. 	

3.2.1	<p>Uitvoer van opdragte en klasreëls</p> <p>Leerders moet stiptelik en volledig voldoen aan die klasreëls sowel as enige mondelinge opdragte wat die klasopvoeder of enige personeellid gee, en wat redelikerwys noodsaaklik is om hierdie gedragskode uit te voer en/of om die skool behoorlik en professioneel te bestuur.</p>	-10
3.3 Skooldrag en voorkoms		
3.3.1	Skooldrag	
	<ul style="list-style-type: none"> • Die voorgeskrewe skooldrag moet gedurende skoolure én met ander skoolaktiwiteite soos wat die beheerliggaam bepaal, gedra word. • Skooldrag moet ten alle tye skoon en netjies wees. Seuns mag slegs 'n effekleurige, wit onderhemp dra wat onder geen omstandighede sigbaar is nie. • Dit is 'n oortreding van die gedragskode indien 'n seun dogtersdrag of 'n dogter seunsdrag op die skoolterrein of in die publiek dra. • Terwyl leerders in die skool se drag of enige gedeelte daarvan geklee is wat voldoende is om hulle in die oë van die publiek met die skool te verbind, of terwyl leerders die skool verteenwoordig, hetsy direk of indirek, hetsy as deelnemers, ondersteuners, helpers, toeskouers of andersins moet hulle voldoen aan die volgende bepalings: 	-10
	<p><u>Kleredragreëls</u></p> <p><u>SEUNS</u></p> <p><u>Somersdrag:</u></p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Kort of lang grys broek. (GEEN verandering aan die snit van die langbroek.) • Grys of swart belt. • Grys skoolkouse. • Swart skoolskoene. • Blou skoolhemp – altyd ingesteeek in broek. <p><u>Wintersdrag:</u></p> <ul style="list-style-type: none"> • Dieselfde as somersdrag behalwe: • Grys langbroek. (GEEN verandering aan die snit van die langbroek.) • Skooltrui, oortrektrui (“pull over”) of skoolbaadjie en 'n skooldas. <p><u>Skoene:</u></p> <ul style="list-style-type: none"> • Swart skoene word toegelaat. Skoene wat byvoorbeeld nie toegelaat word nie, is die volgende: <ul style="list-style-type: none"> ○ skoene met dik sole (spekssole), ○ enige soort stewel, ○ veldskoene (vellies), ○ suedeskoene, ○ skoene van ander kleure, ○ skoene met hoë hakke en ○ tekkies. <p><u>DOGTERS</u></p> <p><u>Somersdrag:</u></p> <ul style="list-style-type: none"> • <u>GEEN langbroeke mag in die somer gedra word nie.</u> • Blou romp 6 cm van die grond gemeet wanneer dogter op haar knieë staan. (GEEN verandering aan die snit van die romp nie.) 	

- Blou kortmoubloes ingesteeek. Daar mag nie wintershemde by somersdrag aantrek word nie.
- Skoolbaadjie, koningsblou trui of oortrektrui (“pull over”) met ‘n skool hemp onderaan.
- Geskikte onderklere van die regte kleur.
- Wit sokkies omgevou.
- Swart skoolskoene of seunskoolskoene (geen dik sole, tekkies of “boots” nie).

Wintersdrag:

- ‘n Blou langmouhemp ingesteeek en geen somershemde by wintersdrag nie.
- ‘n Skooldas is verpligtend.
- ‘n Blou romp 6 cm van die grond gemeet wanneer dogter op haar knieë staan. (**GEEN** verandering aan die snit van die romp nie.)
- ‘n Baadjie, trui of oortrektrui (“pull over”). (Beskikbaar by die skool klerewinkel)
- Koningsblou sykouse.
- Swart skoolskoene of swart seunskoolskoene.
- Grys langbroek met ‘n skoolbaadjie. (**GEEN** verandering aan die snit van die langbroek nie.)

Nota:

- Truie – slegs die standaard V-nek skooltrui.
- ‘n Skooldas mag slegs by ‘n toeknoop kraaghemp gedra word.
- Wanneer ‘n serp gedra word, mag dit slegs ‘n koningsblou of ‘n wit serp wees. (Beskikbaar by die skool klerewinkel)
- **GEEN** musse of hoofbedekkings mag gedra word nie.
- Die beheerliggaam kan na goeddenke toestemming verleen dat leerders by sekere geleenthede burger/gewone drag dra. Sodanige drag moet netjies en welvoeglik wees.

Sportdrag:

Daar is ‘n amptelik, goedgekeurde sportdrag vir alle sport kodes, onderskeidelik, vir seuns en dogters. GEEN ander alternatiewe drag is toelaatbaar tydens skool- / sport byeenkomste nie.

Alle sportdrag is in die skool klerewinkel beskikbaar.

Goedgekeurde drag wat tydens skoolure gedra mag word en SLEGS deur 1ste span spelers wat vir daardie betrokke dag se span, gekies is:

Hokkie: Lang wit kouse met 1ste span das.

Netbal: Kort wit kouse (“Harties Netbal”) met 1ste span das.

Rugby: Soos goedgekeur tydens die rugby vergadering aan begin vd seisoen met 1ste span das.

1ste span dasses mag slegs op wedstryd dae gedra word.

Algemeen:

Die skool erken GEEN “1ste span baadjies”, hoedjies of enige onoffisiële drag wat nie deur die Beheerliggaam goedgekeur is nie.

	<p>1ste spanne moet in hul VOLLEDIGE skooldrag by 'n byeenkoms aankom, en op die normaal-ooreengekome tydstip soos deur die afrigter bepaal, in hul sportdrag verkleed.</p> <p>Dit is 'n oortreding indien 'n seun dogtersdrag (sportdrag) of 'n dogter seunsdrag (sportdrag) op die skoolterrien of in die publiek dra.</p>	
Voorkoms		
	<p>Geen eksamen, kompetisie, funksie of opvoerings word as verskonings aanvaar om hare te laat groei of om voorkomsreëls vir seuns en dogters hier genoem, te oortree nie.</p>	
	<p>Hare Seuns</p> <ul style="list-style-type: none"> • Net 'n kort netjiese snit word toegelaat. Hare mag nie oor die ore hang nie. • Kuiwe mag nie aan die wenkbroue raak nie. Voorkoppe moet skoon wees. • Hare mag nie uitermate van die kop wegstaan nie. Geen vreemde haarstyle (modegiere) soos byvoorbeeld kort langs die kante en bo te lank ("Mohawks") word toegelaat nie. • "Steps" word nie toegelaat nie. • Haarkleur moet te alle tye natuurlik vertoon. Geen onnatuurlike strepe word toegelaat nie. • Versnippering en kleur van hare is taboe. • Hare mag nie gebleik word nie. • Lang bakkebaardjies, baarde en snorre word nie toegelaat nie. • GEEN toutjies vlegsels/"dreadlocks" word toegelaat nie. • GEEN "hair extensions" nie. • GEEN greverings op die kop of wenkbroue word toegelaat nie. • GEEN "fat tops" word toegelaat nie. <p>Dogters</p> <ul style="list-style-type: none"> • Hare moet in só 'n tipe styl gedra word dat dit ten alle tye netjiese en natuurlik is. • Heersende modegiere mag nie die netheid van 'n skooldogter beïnvloed nie. • Sodra hare oor die hems kraag hang, moet dit vasgemaak word sodat geen los hare buite die rekkie bly nie. • GEEN gordyntjies (kuiwe) mag in die oë hang nie en moet liefsvasgesteek word met knippies wat die kleur van die hare pas, bv. goud of bruin. • Slegs haarbykomstighede (linte, kammetjies en rekkies) wat die skool se kleure reflekteer, mag gedra word. (Blou, wit en geel) • Haarkleur moet te alle tye natuurlik vertoon. Geen onnatuurlike strepe word toegelaat nie. • GEEN pruike tensy noodsaaklik a.g.v. mediese redes. • Die volume en kleur van haar verlengings word beperk. • GEEN krale wat ingevleg is word toegelaat nie. • GEEN "dreadlocks" • GEEN "afro" haarstyl. • Hare mag gevleg word, maar moet ten alle tye vasgemaak wees. Die lengte word beperk tot skouerlengte wanneer vasgemaak. 	
	<p>Juwele</p> <ul style="list-style-type: none"> • GEEN juwele, soos ringe, armbande (rekkies óf leer) of kettings, word toegelaat nie. • Slegs polshorlosies en 'n seëlring (dogters) word toegelaat. 	

	<ul style="list-style-type: none"> Die dra van liggaamsjuwele, soos neus-, tong- en wenkbroujuwele, is verbode. Wat ooringe vir dogters betref, mag slegs een goue of silwer knoppie of standaard goue of silwer ringetjie per oor gedra word, en wel in die onderste gaatjie indien daar meer as een is. Ooringe vir seuns word nie toegelaat nie. Geen steentjies van enige aard word toegelaat nie. 	
	Naels <ul style="list-style-type: none"> GEEN vals naels nie en naels mag nie oor die vingerpunte steek nie. Geen naellak mag gedra word nie. 	
	Grimering <ul style="list-style-type: none"> Geen maskara, vals wimpers, oogomlyner, lipstiffie of lipglans van kleur, blosser of oormatige onderlaag word toegelaat tydens die dra van skooldrag nie. 	
3.4 Sport en buitemuurse aktiwiteite		
3.4.1	Deelnemers aan sport en buitemuurse aktiwiteite:	
3.4.1.1	<p>Leerders wat die skool as deelnemers in enige sport of ander buitemuurse aktiwiteite verteenwoordig, moet gedurende en ná deelname aan sodanige aktiwiteit in die sportdrag, skooldrag of ander voorgeskrewe drag geklee wees soos wat die opvoeder wat vir daardie aktiwiteit verantwoordelik is, bepaal. (Sien kleredragreëls)</p>	
3.4.1.2	<p>Bywoning van oefeninge en lojaliteit teenoor span - Alle leerders wat aan buitemuurse aktiwiteite deelneem, sal lojaal wees teenoor die skool en mededeelnemers. In die besonder moet deelnemers betyds en stiptelik by die plek aanmeld waar die aktiwiteit plaasvind of van waar deelnemers na die betrokke plek van deelname vertrek. Gereelde laatkom of afwesigheid tydens 'n oefening, kan daartoe lei dat 'n deelnemer nie vir 'n span / wedstryd / byeenkoms gekies word nie. Leerders wat gekies is om die skool in 'n aktiwiteit te verteenwoordig kan slegs van bywoning verskoon word indien 'n skriftelike verskoning, vooraf aan die sport- / kultuurhoof / afrigter oorhandig word. Onvermydelike afwesigheid van 'n aktiwiteit sal slegs verskoon word indien die sport- / kultuurhoof / afrigter, nie later nie as drie dae na afloop van die betrokke aktiwiteit 'n skriftelike verskoning ontvang.</p> <ol style="list-style-type: none"> Afwesigheid van oefeninge sonder geldige verskoning. Laat span in die steek. 	<p>-10 -30</p>
3.4.1.3	<p>Leerders wat die skool by sportaktiwiteite verteenwoordig, sal te alle tye hoflik optree teenoor, en aan die beslissings, voorskrifte en opdragte voldoen van:</p> <ul style="list-style-type: none"> die sporthoof en die opvoeder wat by die bepaalde sport- / kultuuraktiwiteit betrokke is; die skeidsregter of beoordelaar ten aansien van die betrokke aktiwiteit; en die spankaptein. 	-30
3.4.1.4	<p>Swak of onsportiewe gedrag - Alhoewel daar aanvaar word dat leerders wat aan sportaktiwiteite deelneem dit met oorgawe en volle inspanning doen, moet sodanige leerders steeds selfbeheersing en dissipline aan die dag lê. In die besonder moet leerders hulle van enige onsportiewe gedrag, vuil of beledigende taal, betrokkenheid in gevegte of voorvalle, of enige vuil of onbehoorlike spel weerhou.</p>	-30
3.4.2	Toeskouers en ondersteuners by sport- en ander buitemuurse aktiwiteite	
	Hierdie reëls geld ook vir enige bywoning van enige ander buitemuurse aktiwiteite buiten sport, behalwe waar dit ooglopend nie van toepassing is nie.	

	Leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, sal hulle onderwerp aan en neerlê by enige opdragte en aanwysings wat hulle voor, gedurende én na afloop van die betrokke aktiwiteit ontvang van die skoolhoof, enige opvoeder, lid van die Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL), ander skoolleiers of ouers wat die skoolhoof aangestel het, hetsy dit te make het met die vervoer, toesig, beheer en/of opruiming van die terrein.	
3.4.2.1	<p>Alle leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, sal benewens die nakoming van die bepalings van hierdie gedragskode, hulle van ontwrigtende, onbehoorlike, opstandige, onnodig opruiende of onbetaamlike gedrag weerhou. In die besonder mag leerders nie negatief op die beslissings van beoordelaars of skeidsregters reageer nie, maar deur die korrekte kanale kommunikeer.</p> <p>i. Bevraagteken skeidsregter/beoordeelaar beslissing</p> <p>ii. Uitjou van opponent</p> <p>iii. Sing van onweloweglike liedjies</p> <p>iv. Viktimisering of natgooi van toeskouers</p>	<p>-10</p> <p>-10</p> <p>-10</p> <p>-10</p>
3.5 Skooleiendom en terrein		
	<p>“Skooleiendom” sluit die volgende in:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die grond en geboue wat deur die skool besit word sowel as enige permanente aanhegting aan sodanige grond en geboue. • Alle ander eiendom, wat toerusting, boeke, voorraad, motorvoertuie en dies meer insluit, wat die skool besit, huur of berg, of enige eiendom en/of toerusting waarvan die skool wetlik aanspreeklik gehou kan word. <p>Leerders mag nie enige skooleiendom beskadig, misbruik, skend of vernietig nie. Enige leerder wat hom/haar skuldig maak aan enige van bg oortredings, of die reg van 'n ander leerder skend in bv. badkamer of enige klaskamers word as 'n dissiplinêre en strafbare oortreding geag.</p>	
3.5.1	Beskadiging van skooleiendom - Aangesien die skool ontwikkel en opgerig is vir gebruik deur alle leerders wat daar skoolgaan, is alle leerders verplig om alles in hul vermoë te doen om die skool se eiendom te bewaar, sodat dit tot voordeel van alle huidige en toekomstige leerders van die skool gebruik kan word. Opsetlike of nalatige optrede, vandalisme en/of die vernietiging of beskadiging van enige skooleiendom, eiendom van die personeel, medeleerders of besoekers aan die skool, is verbode. Beskadigde eiendom moet binne 7 kalender dae vervang, herstel en terugbesorg word deur die lener / gebruiker.	-120
3.5.2	Geen leerder mag enige skooleiendom van die skoolperseel verwyder sonder die vooraftoestemming van die skoolhoof of 'n opvoeder van die skool nie.	-10
3.5.3	Aanbring van graffiti - Leerders mag nie enige eiendom van die personeel van die skool, medeleerders, besoekers aan die skool, of die skool self, beskadig, merk of skend nie. Hierdie reël geld vir alle eiendom op die skoolterrein, in die onmiddellike omgewing van die skool, by of naby die plek van enige skoolaktiwiteit, sowel as enige voertuig waarmee leerders vervoer word asook die eiendom daarop. Geen slagspreuke (graffiti), plakkers, plakgate en dergelike dinge mag sonder die toestemming van die skoolhoof op enige oppervlak by die skool aangebring word nie (tafels, banke, stoele, mure, speels, heinings, deure, dakke, plafonne, teels, vloere, voorwerpe soos asblikke en tenks of wat ook-al op die skoolterrein, sement oppervlaktes of watter oppervlak ookal).	-10
3.5.4	Geen leerder mag sonder toestemming of sonder toesig enige ongemagtigde / beperkte gebied betree, of sonder toestemming die skool terrein na ure betree nie.	-10

	Badkamers word vir onderskeidelik seuns en dogters voorsien, en as sodanig beskikbaar vir die eksklusiewe gebruik deur die betrokke geslag – daarom dat geen seuns in die dogters badkamer toegelaat word nie en geen dogters in die seuns badkamer nie.	
3.6 Leiers : Die Diensraad (DR) en Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL)		
	Die VLR word verkies volgens departementele riglyne aan die begin van elke jaar. Die diensraad word in Julie/Augustus elke jaar verkies volgens die riglyne van die beleid. Die VRL en Diensraad (senior skoolleiers) assisteer die Personeel met die toepassing van algemene skoordisipline. Beide rade is ondergeskik aan die Personeel van die skool, maar gesamentlik verantwoordelik vir die toepassing van algemene skoordisipline. In die geval van VRL-lede, is hul verantwoordelikheid spesifiek gerig tot die help met dissipline in hul onderskeie registerklasse asook tydens spesifieke funksies en skoolaktiwiteite. VRL-lede en ander skoolleiers (Diensraad) moet leerders wat oortree na die personeel van die skool bring, waarna lynfunksies gevolg sal word.	
	Enige leier wat hom/haar skuldig maak aan die oortreding van enige gedragskode, kan aangemeld word, ondersoek word en ontnem word van sy/haar amp indien skuldig bevind word. Leerders mag ook 'n mosie van wantroue instel in 'n leier, via die formele griewe prosedure. Slegs bewyse en getuiesse (nie "hoor-sê" nie) sal dien as die maatstaf waarteen die saak teen sodanige leier, ondersoek sou word.	
	Enige leier wat vervang moet word, word outomaties deur die leerder met die volgende hoogste getal stemme (soos per die vorige verkiesing vir kandidate op daardie jaar van toepassing), aangewys - mits daardie lid nie onderhewig was aan oortredings van die gedragskode tot so 'n mate dat dit die lid se leierskapsvaardighede in twyfel trek nie.	
3.6.1	Respek vir gekose leierskapposisie - Alle leerders moet enige redelike voorskrif van 'n lid van die VRL of 'n ander skoolleier (Diensraad) gehoorsaam, en hul ook ondersteun deur hul samewerking te bied en te verleen in die behoorlike uitvoering van hul pligte.	-30
3.7 Skoolkennisgewings		
3.7.1	Alle leerders is verplig om alle kennisgewings wat die beheerliggaam, skoolhoof of 'n opvoeder van die skool vir dié doel aan leerders uitreik, aan hul ouers te oorhandig, en om enige ontvangserkenning wat die ouers moet voltooi, stiptelik aan die klasopvoeder te voorsien.	-10
3.8 Skoolwerk en huiswerk		
	Alle leerders sal 'n huiswerkboek ingevolge die skoolhoof of klasopvoeder se voorskrifte hou en bywerk. Leerders is verplig om enige werk wat hulle misgeloop het, so spoedig moontlik in te haal.	
3.8.1	Klasontwrigting - Daar sal te alle tye 'n ordelike atmosfeer in die klaskamer heers. Leerders mag nie onderrig versteur of verhinder nie. ('n Volledige verslag van die insident moet aangeteken word op inskrywing.)	-120
3.8.2	Ongedissiplineerde optrede (Praat) - Alle leerders moet hul voorgeskrewe skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding doen om sodoende 'n deurlopende werksetiek te ontwikkel. Versuim om aan hierdie reël te voldoen, sonder 'n aanvaarbare verskoning, sal as 'n oortreding van hierdie reël beskou word.	-10

3.8.3	Leerders moet klasopdragte stiptelik nakom.	-10
3.8.4	Leerders moet die voorgeskrewe huiswerk doen en dit stiptelik teen die bepaalde spertyd by die betrokke opvoeder indien. Versuim om aan hierdie reël te voldoen kan slegs verskoon word indien die leerder vooraf, of op die dag waarop die huiswerk voltooi moes gewees het, 'n skriftelike nota van sy/haar ouers of voogde met 'n aanvaarbare verduideliking vir die versuim aan die opvoeder oorhandig.	-10
3.9 Toetse en eksamens		
	Alle leerders is verplig om hulle aan die toetse en eksamens wat deur die opvoeders / onderwysdepartement aan hulle opgedra word, te onderwerp. Versuim om aan hierdie reël te voldoen sal slegs in uitsonderlike gevalle verskoon word, mits die ouers of voogde van die betrokke leerder op die vroege moontlike geleentheid 'n volledige en aanvaarbare skriftelike verduideliking aan die skoolhoof oorhandig. Slegs 'n mediese sertifikaat van 'n geregistreerde mediese praktisyn of 'n sterftesertifikaat sal aanvaar word as verskoning vir amptelike toetse en eksamens en moet binne drie dae na die toets of eksamen by die eksamenbeampte of betrokke opvoeder ingedien word.	
3.9.1	Leerders moet hulle met die afneem van toetse of eksamens van enige vorm van oneerlikheid weerhou. Indien 'n leerder homself skuldig maak aan oneerlikheid tydens 'n toets of eksamen, kry die betrokke leerder nul (0) vir die spesifieke toets of vraestel. Alle onreëlmatighede tydens toetse en eksamens word hanteer volgens die Nasionale Senior Sertifikaat se eksamens – “Aanhangsel M” – Wat handel oor dissipline en wangedrag van eksamen onreëlmatighede.	-120
3.10 Motorvoertuie en motorfietse		
	Leerders mag nie motorvoertuie of motorfietse op die skoolterrein bring nie, tensy hulle vooraf skriftelike toestemming verkry van die skoolhoof of 'n ander personeel wat deur die skoolhoof genomineer is, en tensy hulle stiptelik aan alle voorwaardes voldoen waaraan die gemelde toestemming onderhewig kan wees. Indien 'n leerder nie in besit is van sodanige toestemming wanneer hy/sy deur enige lid van die personeel, beheerliggaam, VRL of 'n skoolleier versoek word om dit te toon nie, sal daar aanvaar word dat hy/sy nie oor sodanige toestemming beskik nie, totdat hy/sy die teendeel kan bewys. So 'n voertuig word dus nie op die skoolterrein toegelaat nie.	
	Alle motorvoertuie, motorfietse en fietse word op eie risiko op en om die skoolterrein parkeer.	
3.10.1	Die bestuur van 'n motor of motorfiets sonder 'n wettige rybewys, of op so 'n manier dat dit 'n gevaar of moontlike nadeel vir ander leerders op die skoolterrein of ander leerders en lede van die publiek in die onmiddellike omgewing van die skoolterrein inhou, is streng verbode.	-120
3.10.2	Geen leerder mag sonder vooraf toestemming 'n voertuig op die terrein bestuur nie en indien toestemming verleen is moet leerders te alle tye die verkeersreëls op en om die skoolterrein nakom.	-30
3.10.3	Gevaarlike en ongemagtigde speletjies, fietse, skaatsplanke of enige ander ongemagtigde items word streng verbied in die skoolgeboue, tennis- en netbalbane	-10
3.11 Stiptelikheid		
3.11.1	Laat vir skool - Leerders sal op die bestemde tyd, aan die begin van die skooldag en met die aanvang van enige ander skoolaktiwiteit, stiptelik opdaag. Wanneer leerders laat kom, moet hulle 'n skriftelike verskoning van hul ouers of voogde verskaf. Leerders wat laat opdaag, moet eers by die kantoor aanmeld en inteken, voordat hulle na hulle betrokke klasse gaan. Dit is die plig van die	-10

	leerder om by die registervoog aan te meld en te verseker dat hy/sy teenwoordig gemerk word. Skoolure: 7:10 – 14:00.	
3.11.2	Klaswisseling - Leerders sal binne die bestemde tyd, aan die begin van elke periode, opdaag. Leerders beweeg vinnig, in enkelgelid en stil van die een klas na die volgende. Gesels in groepe of kledkamerbesoeke gedurende klaswisseling, sleep-stap (traagheid) is nie toelaatbaar nie.	-10
3.12 Afwesighede		
	Leerders mag slegs in uitsonderlike gevalle afwesig wees van die skool, en dan ook slegs met die skriftelike toestemming van die skoolhoof, of sy/haar verteenwoordiger indien die skoolhoof nie beskikbaar is nie. Leerders wat vir een tot drie agtereenvolgende dae van die skool afwesig is, moet met hul terugkeer 'n skriftelike verduideliking van hul ouers of voogde voorlê. Afwesigheid vir meer as drie agtereenvolgende dae sal slegs verskoon word indien 'n brief van 'n geregistreerde mediese praktisyn voorgelê word, buiten in die geval van dood of trauma in die leerder se gesin of om 'n ander rede wat deur die skoolhoof goedgekeur word. Afwesigheid vir tien agtereenvolgende skooldae sonder enige verskoning of kommunikasie van die leerder aan die skool, lei na onmiddellike deregistrasie van die leerder. Graad 12-leerders wat tien of meer dae afwesig is sonder 'n geldige verskoning verbeur die reg om die matriekafskeidfunksie by te woon.	
3.12.1	Afwesigheid van die skool sonder 'n aanvaarbare verskoning word as "stokkiesdraaiery" beskou, wat streng verbode is.	-30
3.12.2	Afwesigheid van klasse sonder 'n aanvaarbare verskoning en toestemming van die betrokke klasonderwyser is streng verbode.	-30
3.12.3	Geen leerder mag die skoolterrein sonder toestemming verlaat nie. Ouers wat leerders vroeg kom haal is verplig om die skool skriftelik in kennis te stel en sodanige leerder behoorlik self by die administratiewe kantoor uit te teken.	-30
3.12.4	Versuim om afwesighedsbrief by registervoog in te handig.	-10
3.13 Omgewing		
	Personeel, ouers en leerders het die reg op 'n veilige omgewing en skool wat bevorderlik is vir opvoeding. Leerders moet gehoor gee aan die redelike opdragte van die skoolhoof, enige opvoeder, lid van die Diensraad of VRL of 'n ander skoolleier met betrekking tot die handhawing van 'n skoon en higiëniese skoolomgewing.	
3.13.1	Leerders mag nie die skoolgronde of enige geboue bemors nie. Enige onderwyser kan 'n opdrag aan 'n leerder gee om papiere of gemors van watter aard ook al, en deur wie ookal daar gestrooi is, op te tel en in 'n asblik te gooi of op te ruim.	-10
3.13.2	Leerders, hetsy in hul hoedanigheid as skolier, toeskouers of ondersteuner by enige skoolaktiwiteit, moet die terrein wat hulle beset netjies en skoon agterlaat, en moet seker maak dat alle rommel opgeruim en in vullishouers geplaas word.	-10
3.13.3	Leerders moet toilette skoon agterlaat. Leerders wat sekere aspekte van die dissiplinere / gedragkode oortree, kan aangewend word om as deel van "gemeenskapsdiens", die terrein of toilette of badkamers skoon te maak tydens pouses of na skoolure.	-30
3.13.4	Enige optrede of versuim deur leerders wat 'n gesondheidsgevaar vir ander leerders veroorsaak of moontlik kan veroorsaak, moet vermy word. Indien dit nie vermy of gestaak word nie is dit onderhewig aan dissiplinere optrede.	-30

4. Vrystelling van bepalings van die gedragskode.

- 4.1 Leerders mag op kulturele, godsdienstige of mediese gronde (NIE vir persoonlike voorkeur redes binne ons kollektiewe sisteem nie), skriftelik by die beheerliggaam aansoek doen om algehele of gedeeltelike vrystelling van een of meer van die items wat in die gedragskode vervat is.
 - 4.2 Sodanige aansoek moet volledige redes én stawende bewyse insluit. Die bewyslas rus dus op die spesifieke leerder om die aansoek om vrystelling te staaf.
 - 4.3 Individuele aansoeke om vrystelling sal slegs aan die begin (eerste 3 weke van skool) van elke skooljaar oorweeg word, of binne die eerste 3 weke van registrasie van n nuweling, tensy dringendheid of veranderende omstandighede andersins aangevoer kan word.
 - 4.4 Met die oorweging van 'n aansoek om vrystelling sal die beheerliggaam geregtig wees om enige inligting in te win wat nodig ge-ag mag word vir 'n regverdige beoordeling van die aansoek.
 - 4.5 Die beheerliggaam sal die aansoek om vrystelling met die nodige erns en verantwoordelikheid, en binne die raamwerk van die Grondwet en hofuitsprake oorweeg, en die leerder skriftelik van die besluit inlig.
5. In geval van die oortreding van enige bepaling in hierdie gedragskode of die skool se koshuisreëls sal die voorgeskrewe dissiplinêre prosedure gevolg word.

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE ____ DAG VAN _____

Beheerliggaamvoorsitter

Skoolhoof

Deel 3: Prosedure vir dissiplinêre optrede teen leerders

In die geval van 'n oortreding van enige van die bepalings wat in die gedragskode vir leerders voorgeskryf word, moet hierdie dissiplinêre prosedure gevolg word. Vir die toepassing van hierdie dissiplinêre prosedure word wangedrag in drie kategorieë verdeel. Dit stem ooreen met die verskillende dissiplinêre stappe wat geneem kan word en die verskillende prosedures wat gevolg kan word in die hantering van wangedrag.

Vir doeleindes van prosedurele nakoming sal oortredings van koshuisreëls as oortredings van die gedragskode beskou word, en sal dieselfde prosedurele vereistes, met die nodige aanpassings na gelang van omstandighede, geld.

Enige verwysing na die beheerliggaam in hierdie dissiplinêre prosedure sluit die dissiplinêre komitee van die beheerliggaam in.

1. Dissiplinêre optrede

1.1 Minder ernstige oortredings

1.1.1 Kategorie A-wangedrag

In die geval van 'n oortreding van enige van die bovermelde bepalings, moet sodanige oortreding na die skoolhoof of sy gevolmagtigde afgevaardigde verwys word en op die dissiplinêre stelsel vasgelê word. Sodanige persoon sal by magte wees om die volgende strafmaatreëls toe te pas:

- a. 'n Skriftelike waarskuwing volgens die aangehegde prosedure. (Aanhangsel 1)
- b. Skoolwerk onder toesig wat tot die leerder se vordering by die skool sal bydra én die skoolomgewing sal verbeter, met dien verstande dat die ouers of voogde betyds ingelig is en die veiligheid van die betrokke leerder verseker word.
- c. Die uitvoer van pligte deur die oortreder ten gunste van die persoon/instansie wat deur die oortreding benadeel is.
- d. Die opskorting van deelname aan skoolaktiwiteite, soos sport en kultuur (wat sosiale geleenthede uitsluit).

1.1.2 Kategorie B-wangedrag

In die geval van 'n oortreding van enige van bovermelde bepalings, moet sodanige oortreding na die skoolhoof of sy gevolmagtigde afgevaardigde verwys word en op die dissiplinêre stelsel vasgelê word. Die persoon is by magte om die volgende strafmaatreëls toe te pas:

- a. Enige van die strafmaatreëls soos in 1.1.1(a) tot (d) hier bo vermeld, waartoe die volgende bygevoeg mag word:
- b. Uitsluiting van deelname aan sosiale geleenthede van die skool.
- c. Ooreengekome, bekostigbare vergoeding.
- d. Ooreengekome, herstel of vervanging van beskadigde eiendom.
- e. Gemeenskapsdiens vir tot ses uur.
- f. Skoolontseggings

1.2 Ernstige oortredings

1.2.1 Kategorie C-wangedrag

In die geval van 'n oortreding van enige van bovermelde bepalings, moet sodanige oortreding na die beheerliggaam verwys word en op die dissiplinêre stelsel vasgelê word. Die beheerliggaam is by magte om die volgende strafmaatreëls toe te pas:

- a. Enige van die strafmaatreëls soos in 1.1.1(a) tot (d) en 1.1.2(b) tot (e) hier bo vermeld, waartoe die volgende bygevoeg kan word:
- b. In die geval van 'n oortreding van die gedragskode deur lede van die VRL en ander skoolleiers:

Saam met of as alternatief vir bogenoemde, skorsing van pligte vir 'n tydperk van tot ses weke, of afdanking en permanente verwydering uit die VRL of 'n ander leiersamp in die skool.

- c. Na afloop van 'n verhoor waarin enige betrokke leerder skuldig bevind is aan die oortreding van die bepalings van die gedragskode, kan die beheerliggaam sodanige leerder enige van voormelde strawwe oplê, of die leerder skors, of by die Onderwyshoof aanbeveel dat die leerder uit die skool uitgesit/geskors word.
- d. Indien daar op slegs skorsing as 'n straf maatreël besluit word, mag die beheerliggaam die betrokke leerder vir tot sewe skooldae skors.
- e. Indien die beheerliggaam besluit om die uitsetting van 'n betrokke leerder by die Onderwyshoof aan te beveel kan die beheerliggaam die leerder vir 'n redelike tydperk van tot veertien skooldae skors, hangende die Onderwyshoof se beslissing.

Art 9 (1C)(b): 'n Beheerliggaam kan, nadat 'n leerder gedurende die dissiplinêre verrigtinge in artikel 8 beoog skuldig bevind is aan ernstige wangedrag - 'n aanbeveling aan die Departementshoof doen om sodanige leerder uit die openbare skool te sit.

Art 9(1D): 'n Departementshoof moet die aanbeveling van die beheerliggaam in subartikel (1C) (b) oorweeg en moet besluit om die leerder uit die skool te sit al dan nie binne 14 dae na ontvangs van sodanige aanbeveling.

- f. Na afloop van 'n verhoor waarin enige betrokke leerder aan die **oortreding van koshuisreëls** skuldig bevind word, kan die beheerliggaam sodanige leerder enige van die voormelde strawwe oplê, of die leerder vir enige gepaste tydperk van koshuisinwoning skors, of die leerder uit die koshuis uitsit/skors.

1.2.2 Tabel met Sanksie Voorskrifte

Sanksie	Onmiddellike aksie (Kategorie A)	Interne intervensie (Kategorie B)	Dissiplinêre-verhoor (Kategorie C)
Skryflike waarskuwing (Na 30 demerietes)	X	X	X
Konfiskering	X	X	X
Opskorting van voorregte	X Sport / Kultuur	X Sosiale geleenthede	X
Skoolwerk onder toesig	X	X	X
Skooldiens en/of gemeenskapsdiens		X	X
Berading en mentorskap		X	X
Herstel of vervanging van skade		X	X
Bekostigbare vergoeding		X	X
Skoolontseging		X	X
Skorsing			X

2. Voorkomende skorsing /skoolontseging

Die beheerliggaam kan, op redelike gronde en as 'n voorsorgmaatreël, 'n leerder wat vermoedelik ernstige wangedrag (kategorie C) gepleeg het, vir tot sewe skooldae van skoolbywoning skors/skool ontsê, maar mag slegs sodanige skorsing oplê nadat die leerder 'n redelike geleentheid ontvang het om verhoër in verband met sodanige skorsing aan die beheerliggaam / beheerliggaam afgevaardigde (BL-Bestuurder / Hoof / Adjunkhoof) te rig.

3. Dissiplinêre verhoor / intervensie

3.1 Interne intervensie

Wanneer 'n leerder na bewering of vermoedelik 'n minder ernstige oortreding (kategorie B of herhaalde kategorie A oortredings) begaan het, mag die graadbestuurder 'n interne intervensie tussen die skool, die betrokke leerder en sy/haar ouers reël. Die graadbestuurder moet in samewerking met die BL-bestuurder die nodige inligting insamel en 'n skryflike kennisgewing aan die betrokke ouers uitstuur. Minstens **twee skooldae** moet tussen die oorhandiging van die kennisgewing en die intervensie verloop. Die doel van hierdie intervensie is om 'n oplossing vir die moontlike dissiplinêre gedrag van die leerder te vind in samewerking met sy/haar ouers. Indien nodig kan 'n gepaste sanksie toegepas word.

3.2 Eksterne verhoor

3.2.1 Voorlopige ondersoek

Wanneer 'n leerder na bewering of vermoedelik 'n ernstige oortreding (kategorie C) begaan het, mag die skoolhoof 'n ondersoekbeampte aanstel. Laasgenoemde sal inligting insamel sodat die skoolhoof kan besluit of 'n dissiplinêre verhoor nodig is.

3.2.2 Verhoor.

- i. Die ondersoekbeampte sal, waar toepaslik, die klagstaat opstel en die ouers of voogde sowel as die betrokke leerder skriftelik in kennis stel van die klag, plek, datum en tyd van die verhoor (Aanhangsel 5). Hierdie reëlings word in oorleg met die dissiplinêre komitee getref.
- ii. Die bogenoemde kennisgewing moet duidelike inligting bevat aangaande die datum, plek en tyd van die verhoor sowel as die aard en omvang van die beweerde oortreding.
- iii. Minstens **vyf skooldae** moet tussen die oorhandiging van die kennisgewing en die verhoor verloop.
- iv. Die beheerliggaam stel die dissiplinêre komitee aan. Die voorsitter van die komitee moet 'n lid van die beheerliggaam wees. Die dissiplinêre komitee sal die bevoegdheid hê om die dissiplinêre verhoor namens die beheerliggaam te behartig en af te handel, so volledig asof dit deur die beheerliggaam self gedoen is, en sal geregtig wees om alles te doen wat die beheerliggaam kragtens toepaslike wetgewing mag doen, wat insluit die oplegging en afdwinging van enige strafmaatreël en die aanbeveling van uitsetting by die Onderwyshoof. Hierdie oordrag van bevoegdheid belet egter nie die beheerliggaam om sodanige bevoegdhede self uit te oefen nie.
- v. Die leerder moet deur sy/haar ouer, voog of 'n persoon wat deur die ouer/voog aangewys word, bygestaan word. In geval van ernstige oortredings het die leerder die reg om aansoek te doen om deur 'n regsverteenvoerder of ander persoon wat deur die ouer/voog van die leerder aangewys word, verteenwoordig te word. Sodanige aansoek moet minstens twee skooldae voor die aanvang van die verhoor aan die voorsitter van die dissiplinêre komitee gerig word. Geen ander persone, behalwe bogenoemde, mag die betrokke leerder verteenwoordig tydens die dissiplinêre verhoor nie.
- vi. Wanneer 'n leerder regsverteenvoerdig het, mag die leerder die dissiplinêre prosedure verkort deur 'n pleit-en-vonniss-ooreenkoms met die voorsittende beampte te sluit.
- vii. Benewens minderjarige leerders se reg om deur middel van tussengangers te getuig, soos dit in artikel 8(7)–(9) van die Skolewet uiteengesit word, sal minderjarige leerders (hetsy as beskuldigdes of as getuies) ook geregtig wees om gedurende dissiplinêre verrigtinge deur hul ouers/voogde of 'n opvoeder van hul keuse bygestaan te word. Die persoon wat 'n leerder bystaan, sal egter nie geregtig wees om enige vrae namens die leerder te beantwoord of die dissiplinêre komitee toe te spreek nie.
- viii. Leerders wat by dissiplinêre verrigtinge betrokke is, sal ook geregtig wees op ondersteuning, advies en berading deur opvoeders wat vir daardie doel deur die skoolhoof of die beheerliggaam aangewys is, met dien verstande dat sodanige opvoeder nie die leerder by die dissiplinêre verhoor mag bystaan tensy die ouer/voog van die leerder die opvoeder daartoe magtig nie.
- ix. Indien die betrokke leerder en/of sy/haar ouers/voogde en/of verteenwoordiger, ondanks behoorlike kennisgewing, afwesig is van die verhoor, sonder dat daar, binne 'n redelike tydperk voor die aanvang van die verhoor aanvaarbare redes ter verskoning aangebied word om nie die verhoor, soos geskeduleer, by te woon nie, mag die verhoor in hulle afwesigheid voortgaan.
- x. Die verhoor moet billik en regverdig wees, en sal volgens die voorskrifte van die toepaslike provinsiale wetgewing geskied. Die aanklaer en leerder (of die leerder se verteenwoordiger namens die leerder, indien van toepassing) moet die geleentheid gegun word om hul saak te stel, vrae aan getuies te kan stel, getuies te roep, en dokumente wat op die saak betrekking het, te kan voorlê.

- xi. Die lede van die dissiplinêre komitee sal self ook geregtig wees om getuies te roep, bykomende getuies of getuienis aan te vra, vrae aan getuies te stel, of enige aspek verder te ondersoek of te laat ondersoek wat billikheid en regverdigheid kan bevorder.
- xii. Nadat die getuienis aangehoor is, neem die komitee 'n besluit oor die betrokke leerder se skuld of onskuld. Vir doeleindes hiervan, of vir doeleindes van 'n beslissing oor enige geskil wat gedurende die verrigtinge ontstaan, sal die komitee geregtig wees om vir 'n redelike tydperk te verdaag ten einde sy beslissing te oorweeg. Sodanige oorweging sal agter geslote deure geskied en slegs deur lede van die komitee bygewoon word.
- xiii. Indien die betrokke leerder skuldig bevind word, sal die leerder en die aanklaer nóg 'n geleentheid ontvang om verdere getuienis aan te bied en/of verhoër te rig aangaande versagtende en verswarende omstandighede wat die komitee in ag moet neem ten einde 'n gepaste straf op te lê. Ten einde 'n gepaste straf te oorweeg, sal die komitee geregtig wees om weer vir 'n redelike tydperk te verdaag. Sodanige oorweging sal ook agter geslote deure geskied en slegs deur lede van die komitee bygewoon word.

3.2.3 Uitspraak en strafmaatreël

- i. In die geval van 'n skuldigbevinding moet die beslissing van die dissiplinêre komitee, wat die opgelegde sanksie insluit, binne hoogstens vyf skooldae, skriftelik aan die leerder en sy/haar ouers/voogde en die aanklaer oorgedra word.
- ii. Ondanks enige skuldigbevinding en strafmaatreël wat deur die beheerliggaam opgelê word, kan enige belanghebbende enige oortreding van die gedragskode wat op 'n strafregtelike oortreding mag neerkom, vir ondersoek na die Suid-Afrikaanse Polisie diens verwys.

4. Appèlprosedure

4.1 Appèl prosedure – onmiddelijke optrede

Indien 'n leerder ongelukkig voel oor 'n aanmelding moet hy/sy binne 24 uur van die aanmelding 'n appèl vorm voltooi wat beskikbaar is by die beheerliggaambestuurder. Die vorm moet volledig voltooi word en by die beheerliggaambestuurder ingehandig word.

- i. Die appèlvorm word aan die graadbestuurder of sy gevolmagtigde afgevaardigde oorhandig vir ondersoek. Die graadbestuurder maak 'n bevinding (binne 5 skooldae) en handig die vorm terug aan die beheerliggaambestuurder wat die leerder sal inlig oor die bevinding.
- ii. Indien die betrokke leerder steeds nie tevrede is met die bevinding nie, word die saak aan die adjunkhoof oorhandig vir verdere ondersoek. Die bevinding van hierdie ondersoek sal deur die adjunkhoof (binne 5 skooldae) aan die leerder bekend gemaak word.
- iii. Indien die betrokke leerder steeds nie tevrede is met die bevinding nie, word die saak aan die skoolhoof oorhandig vir verdere ondersoek. Die ondersoek is finaal en die hoof sal sy bevinding aan die leerder bekend maak.

4.2 Appèlprosedure - Verhoor

Elke vlak van die appèl is onderhewig aan die basiese beginsels van die dissiplinêre prosedure en beide partye moet genoegsame geleentheid gegun word om bewyse te kan lewer, getuies te verskaf en hul kant van die saak te stel.

- i. In die geval waar die betrokke leerling ontevrede is met die uitslag van dissiplinêre verrigtinge voor die beheerliggaam se dissiplinêre komitee, het hy/sy die reg om binne 24 uur, nadat hy/sy die skriftelike uitslag ontvang het, skriftelik by die voorsitter van die beheerliggaam teen die skuldigbevinding, die opgelegde strafmaatreeël, of albei, te appelleer.
- ii. Die kennisgewing van appèl moet die gronde vir die appèl duidelik uiteensit.
- iii. Binne 24 uur ná ontvangs van die kennisgewing van appèl moet die voorsitter van die beheerliggaam 'n appèlkomitee saamstel wat uit 'n lid van die beheerliggaam as voorsitter, en minstens twee ander kundige persone bestaan. Die lede van die dissiplinêre komitee wat die saak aangehoor het, mag nie in die appèlkomitee ook dien nie.
- iv. Die voorsitter van die beheerliggaam moet die kennisgewing van appèl aan die voorsitter van die appèlkomitee en die ander party in die verrigtinge, voor die dissiplinêre komitee, oorhandig, en toesien dat die rekord van die dissiplinêre verrigtinge tot die appèlkomitee se beskikking gestel word.
- v. Die ander party sal geregtig wees om binne 24 uur ná ontvangs van die kennisgewing van appèl te reageer deur vertoë aan die voorsitter van die appèlkomitee te rig.
- vi. Die appèlkomitee sal by oorweging van die appèl beperk wees tot 'n oorweging van die rekord van die verrigtinge voor die dissiplinêre komitee, die kennisgewing van appèl, en enige vertoë wat die ander party voorlê.
- vii. Enige party wat verdere getuienis wat nié deel uitmaak van die rekord van die verrigtinge voor die dissiplinêre komitee nie, vir oorweging aan die appèlkomitee wil voorlê, moet skriftelik om toestemming by die voorsitter van die appèlkomitee aansoek doen. In geval van die appellant moet sodanige aansoek in die kennisgewing van appèl vervat wees, en in geval van die ander party moet dit binne 24 uur ná oorhandiging van die kennisgewing van appèl geskied.

- viii. Die aansoek om nuwe getuienis voor te lê moet 'n volledige verduideliking bevat waarom die getuienis nie gedurende die dissiplinêre verrigtinge beskikbaar was of aangebied is nie. Dit moet die aard van die getuienis uiteensit en moet die tersaaklikheid van die getuienis vir die oorweging van die appèl uiteensit.
- ix. Die appèlkomitee moet binne sewe skooldae ná ontvangs van die kennisgewing van appèl sy besluit skriftelik aan die partye bekend maak.
- x. Enige strafmaatreël wat deur die dissiplinêre komitee opgelê is, word opgeskort hangende die beslissing van die appèlkomitee.
- xi. Met die oorweging van die appèl kan die appèlkomitee:
 - a) die beslissing van die dissiplinêre komitee oor die skuldig of onskuldigbevinding en/of strafmaatreël ter syde stel of handhaaf;
 - b) 'n alternatiewe strafmaatreël oplê (wat 'n ligter of swaarder straf insluit); en
 - c) enige ander beslissing gee wat die appèlkomitee in die omstandighede as billik of regverdig ag.

4.3 Appelprosedure – Aanbeveling vir skorsing.

Volgens artikel 9 van die Suid Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 is die volgende t.o.v. die appelprosedure belangrik indien skorsing uit die skool deur die dissiplinêre komitee aanbeveel is:

Art 9(4) “'n Leerder of die ouer van 'n leerder wat uit 'n openbare skool gesit is, kan binne 14 dae **na ontvangs van die kennisgewing van uitsetting** teen die beslissing van die Departementshoof appèl aanteken by die Lid van die Uitvoerende Raad.”

5. Algemene Bepalings

Die beheerliggaam moet behoorlik van die dissiplinêre verrigtinge rekord hou. Vir hierdie doel kan die beheerliggaam 'n persoon aanwys om die verrigtinge te notuleer of elektronies op te neem. Sodanige persoon sal nie deel uitmaak van die komitee nie.

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE ____ DAG VAN _____

Beheerliggaamvoorsitter

Skoolhoof